

NORTHERN CAPE HUNTERS' ASSOCIATION

FAX: 086-513-2081
TEL: 053-831 1480
P.O. BOX 1807
KIMBERLEY 8300



NOORDKAAP JAGTERSVERENIGING

FAKS: 086-513-2081
TEL: 053-831 1480
POSBUS 1807
KIMBERLEY 8300

E-MAIL/POS: nk.jagters@absamail.co.za

Beste Junior Jagter

Winter skool vir jong jagters

1. Registrasie

Sodra jou registrasie aanvaar is begin jou voorbereiding en inpakwerk vir die winter skool. Maak asseblief seker jy pak volledig volgens onderstaande lys in!

Tydens die winter skool is daar geen kontak met familie tot en met Saterdag middag na die springbok jag, waarna die prysuitdelings funksie plaasvind en daar lekker geëet word saam met familie en vriende.

2. Lys van benodighede

Daar word in tente en geslaap en kursusgangers is verantwoordelik vir die netheid daarvan. Die nag- en vroegoggend temperature kan so laag as sewe grade onder vriespunt daal, terwyl dag temperature tussen 10 – 25 grade Celsius kan wees. Tref dus voorsorg vir warm klere wat ook duursaam genoeg is om veld- en skietbaantoestande te kan weerstaan. Die onderstaande lys is 'n riglyn van die noodsaaklikste items:

Goeie slaapsak
Komberse
Kussing
Badkamerbenodighede
Warm onderklere
Handskoene
Troi
Parka en/of windbreker
Goeie stapskoene of stewels
Dik sokkies
Klapmus of balaklawa

Serp
Hoed of pet
Sweetpak
Kortbroek
Langbroek (e)
Flits met spaar gloeilamp en ekstra batterye
Mes vir afslag van bok
Slypsteen en/of staal
Waterbottel
Skryfbehoeftes (notaboek en pen)
“Lip-ice”
Sonbrandroom
Verkyker
Kamera
Oormowwe (as jy het)

**LW – Dit is nie nodig om duur kamoefleer jag toerusting te gaan koop nie.
Bring gewone klere.
Baie belangrik. Merk asseblief jou goed. Ons gaan alle verlore goed na die
week opveil!**

3. Gewere

Gewere sal deur die vereniging verskaf word.

4. Verbode items

Selfone
Radios
MP3's, i-pods
Walkmans

5. Afsluitingsfunksie

Almal word genooi van die afsluitingsfunksie op die plaas Benfontein. Sertifikate en ander toekennings sal dan oorhandig word.

6. Vergaderplek vir kursus

Die kursus word op die plaas Benfontein aangebied. Die plaas behoort aan De Beers.

Hoe om by die basiskamp uit te kom:

Vertrek vanaf Kimberley – rigting Bloemfontein(N8) op Petrusburgpad – ry by lughawe afdraai verby – hou reguit aan vir 'n verdere +- 5 km en draai regs by Benfontein se hek (op die Vrystaat /Noordkaap grens) – hou aan tot by die opstal 'n paar honderd meter verder.

7. Allergieë en kroniese siektes

'n Volledige toegeruste noodhulptas is ten alle tye beskikbaar, maar kursusgangers met allergieë of kroniese siektes moet hulle eie medikasie saambring en by aanmelding van die kursus vir ons inlig daaroor. 24 – uur Nood mediese bystand word gereël.

8. Verdere inligting

Verdere inligting kan verkry word van die kursusleier, Douw Jacobs by selfoonnommer: 083-457-5150

Ons sien uit na jou deelname!